oorlye woonagtig in Waterkloofrif, Pretoria.

**Joubert, O**

Matrikuleer aan die Afrikaans Hoër Meisies in 1976.
Behaal die Baccalaureus graad in Argitektuur (cum laude) in 1982. Behaal 'n
Master of Science aan die Pennsylvania State University, VSA in 1985. Dosent
in Ontwerp en Argitektuur teorie aan die Universiteit van die Witwatersrand
sedert 1986-1989 en weer vanaf 1991. Doseer Ontwerp, en Argitektuur teorie
aan die Universiteit van Natal vanaf 1990 tot 1991. Eksterne eksaminator aan
die Universiteite van Pretoria en Kaapstad en besoekende lektor aan die
Universiteite van Port Elizabeth en Bloemfontein. Op uitnodiging van die
onderskeie Unies van Argitekte van die voormalige Joegoeslawië, Bulgarye,
Hongarye en Pole, volg 'n uitgebreide studiereis in 1990 wat fokus op 'n reeks
lesings rakende Kontemporêre Suid-Afrikaanse Argitektuur en waarvan 'n
gereduseerde weergawe gepubliseer word in World Architecture, Issue no 12,
1991 en getiteld "Afro-Pean Axis, Reflecting on South African Architectural
Expression."

Huidiglik ingeskryf vir 'n PhD by die Universiteit van Natal met die onderwerp
"Contemporary Assessment of the Origins of the Modernist Aesthetic". Vanaf
1983 aangestel as in-huis argitek vir die Get Ahead Foundation - 'n klein sake
onderneming, gerig op die swart woongebiede en sedert 1986 in privaat praktyk
as prinsipale vennoot van Ora Joubert Argitekte en in assosiasie met Smit en
Fisher Argitekte vanaf 1990. Toekennings sluit onder meer in 'n Rotary
Studiebeurs in 1982, die Rare Achievers Award in 1987 vir bydraes gelewer ten
opsigte van opvoedkundige programme in Mamelodi, die Dulux Colour Award in
1988 en die Corobrik House of the Year Award in 1991.

Die dualiteit en simbiose aanwesig in die Suid-Afrikaanse ervaring fassineer
sowel as frustreer. Die praktisering van argitektuur in Suid-Afrika fluktueer
tussen die gewigtige realiteite geskep deur 'n onwikkelende land,
brood-en-botter oorlewing en die inherente strewe om kreatiwiteit sinoniem met
Argitektuur, laasgenoemde 'n luukse ten koste van ander. 'n Noue betrokkenheid
met die Get Ahead Foundation het menige gemeenskaps ge-inisiëerde projekte en
formalisering van die informele tot gevolg gehad. Huidige argiteksopdragte is
meesal residensiëel van aard en waarin 'n daadwerklike poging aangewend word
om vooropgesette ontwerpidees, onrealistiese verwagtings en beperkte
begrotings te versoen met teoretiese integriteit in soverre moontlik.
Geometriese metamorfose en drie-dimensionele ruimtelike uitdrukking
gekombineer met 'n Miesiaanse minimalisme, interesseer en vorm 'n sentrale
tema in die gekose projekte.

**Kammeyer, H**

| | |
|---|---|
| 1971 | B.Arch Universiteit Kaapstad |
| 1972 | Begin praktyk onder eie naam |
| 1972-7 | Doseer ontwerp, argitektuurteorie, boukonstruksie; Universiteit Kaapstad |
| 1976 | Wen kompetisie Katedraal van die Heilige Geboorte, Pietermaritzburg |
| 1976-80 | Katedraal gedokumenteer en gebou in assosiasie as Kammeyer, Rozendal en Carter-Brown |
| 1978-80 | Navorser in beplanning van universiteite by NBNI van die WNNR, Pretoria |
| 1980-2 | Assosiaat in Meyer Pienaar Argitekte |
| 1981-3 | Bou verskeie huise o.a. Huis Kammeyer met eie bouspan |
| 1983-5 | Praktiseer as Kammeyer Orsmond Argitekte |
| 1985 | Voorsitter; Nasionale Kongres van Argitekte |
| 1986-93 | Doseer ontwerp, bouwetenskap en argitektuurteorie te Universiteit Pretoria |
| 1988-93 | Praktiseer as Joubert Kammeyer de Villiers Argitekte in Assosiasie |
| 1992-3 | Praktiseer ook as de Villiers Kammeyer Argitekte in Assosiasie |
| 1992 | M Arch Universiteit Pretoria |